***MEDIAVERKLARING*** ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

**VAN DIE HANTAM TOT IN TRANSVAAL OP ERFENISDAG**

**Pretoria, 16 September 2015.** Die gewilde antiek- en versamelaarsmark by die Voortrekkermonument sal hierdie jaar op Erfenisdag, 24 September, met ‘n erfenisfees op die terrein saamval. Die antiekmark sal oudergewoonte op die dak van die groot amfiteater plaasvind en die erfenisfees op die piekniekterrein. Die mark duur van 09:00 tot 15:00 en die erfenisfees van 09:00 tot 16:00.

Die erfenisfees bied ‘n vol program aan – daar is musiek, oa deur Klipwerf en ons gaan brood in die tradisionele bakoond bak, koffie brand, kerse giet, botter maak en swepe vleg. Daar gaan ‘n tipiese Voortrekkeruitstalling deur die **Trekboervereniging** met kakebeenwaens en pioniersgoedere by die bakoondterrein wees, demonstrasies van smeewerk, ossewaritte, plaasdiere en voorlaaier skiet. Verder ook ‘n perdevertoning en demonstrasie van perdebeslaan.

Naas allerlei snuisterye, gebak, ingelegde produkte, handwerk en boekkraampies, sal ‘n verskeidenheid kosstalletjies heerlike happies te koop aanbied en natuurlik ‘n biertuin vir die dorstiges. Daar is ook verversings en ‘n restaurant by die antiekmark, asook ‘n paar stalletjies met heerlike deli-kosse. Veilige parkering is beskikbaar en toegang is R30 toegang per voertuig.

Navrae aangaande die antiekmark kan gerig word aan Geraldine Paulsen by 012 326 6770 of by bemarking@vtm.org.za. Navrae aangaande die erfenisfees kan gerig word aan Etta Judson by museum@vtm.org.za.

---

**UITGEREIK DEUR:**
**SONJA LOMBARD**
**BESTURENDE DIREKTEUR**
**VOORTREKKERMONUMENT**
**Tel: 012 326 6770**
**Faks: 012 326 8374**
**E-pos: sonja@vtm.org.za**